Notas wat kan help met die voltooiing van lesbeplanning:

- **Maak gebruik van die Onderrigplan in die NKV-dokument sowel as die hulpbronne wat jy gaan gebruik vir die voltooiing van dokument.**
- **Kruisverwys na inligting in NKV-dok en handboek om seker te maak al die inhoud word gedek.**
- **Moet nie moeilike of komplekse aktiwiteite beplan as jy weet jou klasse kan ontwrig word deur b.v. sport, swemkampioenskappe, hokkie, ens.**
- **Jy hoef NIE AL die aktiwiteite wat in handboeke is te voltooi nie**
- **Moet NIE op bladsy een begin en aangaan nie, selekteer die beste aktiwiteite wat sin maak vir die tema om in twee weke te voltooi.**
- **Kies gepaste taalstrukture en konvensies vir elke periode, alles hoef nie in spesifieke volgorde voltooi te word nie. Maak net seker dat al die aspekte teen die einde van die kwartaal gedek is. Lig die aspekte uit wat voltooi word in kleur op die OP, dit sal verseker dat jy weet wat nog aandag benodig.**
- **Onthou dat die OP vir elke jaar uitgedruk moet word en as 'n werksdokument gebruik moet word. Jy moet notas daarop maak, datums aandui en skryf watter aktiwiteite in leerders se werksboeke gedoen word. Daar moet ooreenstemming en bewyse wees van voltooide werk.**
- **Maak die gebruik van al die dokumente jou eie wat by jou onstandighede pas.**
- **Jy mag luister en begripstoetstekste meer as een keer gebruik. Dit verseker dat leerder se woordeskat en taalgebruik verbeter.**

Maak gebruik van leestekste, bv. Volksverhale as deel van onvoorbereide lees. Dit gee leerders meer geleenthede om taalgebruik in te oefen en gebruik vir sosiale en praktiese kommunikasie.

Taalonderrig moet plaasvind op geïntegreerde wyse waar die onderwyser goeie praktyke demonstreer en die leerders hierdie praktyke inoefen voordat hulle dit onafhanklik toepas. Elke les behoort eers die hele klas te betrek waarna leerders die vaardighede in groepverband oefen voordat hulle dit op hul eie toepas.
(NKV bl 9)

Maak gebruik van teksgebaseerde-, kommunikatiewe en prosesbenadering om onderrig te fokus in die klas.